SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
OPLEIDINGSINSTITUUT

# AANSOEKPROSES VAN DIE SOLIDARITEIT HELPENDE HAND OPLEIDINGSINSTITUUT:

Die Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut is 'n privaat sentrum wat vaardigheidsopleiding met 'n Christelike grondslag verskaf. Ons fokus op die opleiding van wêreldgehalte-versorgers wat die kwesbares in hul gemeenskappe kundig met hart en hande versorg.

## VERSORGERSKURSUSSE:

Tuisgebaseerde versorgingsassistent-kursus (6 maande)

Tuisgebaseerde versorger-kursus (een jaar)

## DOKUMENTASIE BENODIG VIR AANSOEK

- Gesertifiseerde afskrif van voornemende student se ID-dokument
- Kop-en-skouer-foto van goeie gehalte
- Bewys van hoogste kwalifikasie
- Bewys van betaling van R1 200 registrasiefooi

## AANSOEKPROSES

1. Voornemende student gaan na die Opleidingsinstituut se webtuiste: www.helpendehandopleiding.co.za
2. Gaan na DOEN AANSOEK.
3. Hou die volgende dokumentasie van die voornemende student byderhand:
   - Gesertifiseerde afskrif van ID-dokument
   - Kop-en-skouer-foto van goeie gehalte
   - Bewys van hoogste kwalifikasie
4. Vul die aanlyn aansoekvorm in.
5. Betaal die registrasiefooi van R1 200 .
6. Laai die nodige dokumentasie op, insluitend die bewys van betaling.
7. Dien die aansoek in. (Maak seker die skerm wys: Aansoek suksesvol ingedien.)

**Jou aansoek gaan na 'n keuringspaneel vir deeglike oorweging.**
**Jy kan drie weke na die indiening daarvan terugvoer per e-pos verwag.**

## LET WEL:

- Suksesvolle aansoekers se kursusfooie moet voor die aanvang van die kursus ten volle betaal wees.
- Die Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut behou die reg voor om onderhoude te voer met voornemende studente.

**Kontakbesonderhede:**
(012) 881 1919 | opleiding@helpendehand.co.za | www.helpendehandopleiding.co.za